



TOULEIER

Kanola - Overberg



Ek leer alles van hoogte bo seespieël

Hoofstuk 3 Deel 24

Gou-gou is ek op 'n ander stasie en die hoofpyn iets van die verlede. Nie te ver van die myn af nie verlaat ons die teerpad en skommel en ploeter voort op tydelike modderpaaië waar die hoofroete nog in aanbou is.

Die nedersettings raak ook al hoe minder en die troppe lamas en beeste in die veld al hoe kleiner. Verbeel ek my, of raak die mensies om my ook kleiner? Seker die effek van die koko. Hulle is definitief baie blasser en ek sien eerstehands wat langdurige blootstelling aan hoogte bo seespieël met mens se velkleur maak.

Die liggaam produseer somer baie ekstra rooibloedselle in 'n poging om die verminderde suurstof in die lug so effektief as moontlik op te neem. Gevolglik is die Peruviane van die hoër Andes-omgewing baie rooier as hul maatjies onder by seevlak. Hulle is ook baie meer ontvanklik vir siektes wat ons van daar onder af onwetend saambring waar mense genoeg witbloedselle het. Daarom ook dan die reël dat jy nie meer as agtien dae aaneenlopend op daardie hoogte mag werk as jy nie daar grootgeword het nie. Merkwaardig ook hoeveel lekkerder vleis van die omgewing smaak! 'n Otterjasie van daardie omgewing se vleis is baie rooier en mooier as die van 'n seevlak vark.

Dit neem die beste deel van 'n week voor mens se sisteem heeltemal aangepas is by die min suurstof en voor al die hoofpyne verdwyn. Daar is ook nie 'n ander manier om kopseer te kry nie, want drank is totaal taboe in die kamp. Mens toets jouself deur te kyk hoe lank jy kan saamspeel as die klomp buite in die sneeu 'n sokkerbal begin rondskop. Die omgekeerde is natuurlik ook weer waar sodra jy die dag huis toe gaan vir 'n langnaweek wat gewoonlik vyf dae lank is. Jy voel soos Superman. Oneindig energie en jy wil net aan't draf gaan terwyl vroulied aan jou moet rem om by te bly.

Die myn Antamina is geleë bokant die sneeulyn en so hoog dat daar bitter min plante voorkom. Dit skep die voorreg om 'n strak en ruwe landskap met 'n skoonheid van sy eie te ervaar. Spierwit sagte sneeukomberse wat skerp, swart skurwe rotswande totaal probeer bedek, maar dit nie heeltemal regkry nie. Wanneer die wolke wegtrek, kom daar die blouste oorhoofse blou by en in die nagte skitter die sterre skouer aan skouer. Net wit en swart daar bo en wit en swart hier onder.

Met min afleiding anders as lees of TV kyk in Spaans of CNN se nuus, is eet die groot tydverdryf.

Hier het hulle geen kortpaadjies geneem nie. Wêreldklas Franse kokke en sjefs sorg dat daar nooit binne 'n drie weke siklus 'n enkele hoofdis herhaal word nie. Daar is ook verskeie disse op 'n slag. Eintlik jammer, want party disse en poedings kon maar gerus herhaal word. Daar bestaan ook 'n nie 'n brekfis eiergereg in die wêreld wat ek nog nie daar geëet het nie.

Die Mense werk roterende skofte was dus soms af gedurende die dag ook. Dit het mens kans gegee om so bietjie uit die kamp te kom en die omgewing te verken. My gunsteling besoekpunt was 'n bergpiek wat ek steeds oortuig is hulle gebruik het met die skepping van Paramount Pictures se embleem. 'n Plat, reusestuk plaat van 'n skuins berghang waarteen jy seker teen 120km per uur sou kon af ski sou jy dit wou waag. Net voor mens dit regtig ernstig kan oorweeg, breek die laaste skof aan en bespring ons daardie retoerbussie

Hennie Greeff
UITGEWER
Onrusrivier
pos@onsdorp.com

Om die kampvuur

'n Klap van die windmeul weghê

Dit beteken dieselfde as om met die maan gepla te wees. Maar die uitdrukking het 'n heel ander oorsprong. Dit is terug te voer na ons voorsate in Europa wat veel meer met windmeulens te doen gehad het as ons.

En die wieke van 'n windmeul kon 'n onverantwoordelike mens inderdaad met ramspoedige gevolge teen die kop tref!

Die idioom is egter bes moontlik lewend gehou deur die wêreldberoemde roman Don Quichot van die Spaanse skrywer Miguel de Cervantes Saavedras (1547-1616).

Quichot, 'n maer, middeljarige landheer van die platteland wat hom verbeel dat hy 'n ridder is, loop in die roman 'n windmeul storm onder die indruk dat dit 'n reus is. Maar soos daar in die verhaal staan:

"Metdat hy die windmeul nader, begin 'n oggendwindjie waai, wat die wieke laat draai en Quichot 'n hou teen die kant van die kop gee wat hom op die grond laat neerslaan."

Toegee, eintlik was ou don Quichot al hoeka "in die bol gepik" nog voordat die windmeul hom so venynig "geklap" het!

Met die nagskuit kom

Dié uitdrukking het letterlik beteken "te laat kom".

Die verdere toepassing is dat 'n mens op 'n gesprek afkom en nie weet wat voorheen gesê is en wat die onderwerp is nie.
--Dr. Anton Prinsloo.

KAIÏNGS

Minder bekende uitdrukkings met die woord kaiings in:

Hy is 'n harde kaiing. - Hy is parmantig

Dit sal kaiings kos. - Dit sal moeilik gaan.

Dit was koue kaiings. - Dit was onbeduidend.

Hy/sy is 'n regte ou vuil kaiing. - Slordig, morisig.

Jou kaiings teëkom. - Jou vasloop; met jou meerdere te doen kry; jou druiwe, moses teëkom.

Hy kom uit die kaingbulte. - Hy is 'n gomtor, 'n ghwar.

ORE AANSIT

Iemand ore aansit – verkul, wen.

In Nederlands verwys die ore na eselsore. Dus om van iemand 'n esel te maak, hom om die bos te lei so maklik as wat jy dit met 'n eselssal doen.

Die waarde van 'n woord

SPIERWIT

B.nw. (spier: Middelnederlands spier; "wit vleis, veral die borsvleis van pluimvee". Baie, heeltemal of helder wit.

DADELS

Daar sal dadels van kom: Daar sal niks van kom nie

Een begrip, een woord?

Dit het nooit gegeld nie - dis 'n foutiewe "skoolreël" wat baie verwar.

"Ek het in die boom geklim" was nog nooit een woord nie, en "groot, rooi ballon" is een begrip, maar drie los woorde.

Gebruik liever die klemtoets (ook nie die alfa en omega nie, maar effe meer betroubaar): Klem op die eerste lettergreep = vas (OPsoek). Klem op die tweede lettergreep = los (op SOEK).

"Ek is **op soek** na die regte woord. Ek sal dit in die woordeboek **opsoek**."

Werd om te wees

Bywoorde + toe word vas geskryf.

Binnetoë, buitetoë, vorentoe, agtertoë, boontoë.

Duskantlander in Anderkantland



Opgeneuk

Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf vir oulaas Ghana.

Verandering is die mees konstante ding in onse lewens. In Akkra het ons kontrak se uurglas dan nou ook leeggeloop. Ná ses en 'n half jaar weg uit Namibië, staan ek en my Vrystaatman met drie koffertjies op die lughawe. Voor ek op die aerie klim huis toe, besin ek oor 'n paar goete van Akkra wat ek sal mis, en ander wat ek gegensins weer wil beleef nie

Goete wat kan verby hou: Muskiete

Langenhoven en ek het ons muskiete-haas gemeen. In Ghana vreet muskiete jou letterlik lewendig op, jy spuit en smeer anti-muskiet goete, en dae later stres jy jou vrek oor malaria. Malaria is so algemeen soos witbrood, uiters gevaarlik, selfs dodellik. Hierlangs vlieg hulle soos hommeltuie, stadig en lui, en laat 'n teelepel se bloedvlek as jy hom platklap.

Koebaai sê

Oor die algemeen kom werk die meeste uitgewekene kontrakwerkers in Akkra vir twee tot drie jaar. Die gevolg is dat sodra jy iemand goed leer ken, vat hulle weer die pad en 'n mens bly vasgeval in hallo sê en koebaai sê. Vir 'n paar maande beloer jy hulle op sosiale media, en dan stap die lewe aan en torring die vriendskapdraadjie los. Die al ewige koebaai-sê sal ek nie mis nie.

Burokrasie

Burokrasie is in Ghana oorgeërf van die Britse Koloniale, maar Ghanese het dit verfyn en is vasgespinneweb daarin. Ons staatsdiens se rompslomp lyk soos 'n 10-stuk-legkaart as jy dit wil vergelyk met Ghanese-werkvisas, Ghanese iD-kaarte en bestuurslisensie aansoeke.

Bakhande

Vyf minute van die lughawe klop-klop die eerste bakhandjie reeds aan jou venster. Aanvanklik sien jy die wesentjie nie raak as jy uit jou venster kyk nie, maar tjokkertjies net groter as wielgrote, lammes op skaatsplanke en halwe mense in rolstoel bedel tussen die voertuie. Trosse en bondels bedelaars kom na Akkra – dit voel of nuwes elke naweek binnekom. Mens se hart word later klip, en dit gaan baie lank neem om van die dowwe kyke en behoefte te vergeet.

Wisselvallige internet

My Vrystaatman weet as hy tuiskom en 'n swart wolk hang oor my gemoed dat die internetkonneksie gedood het. Ons loop nuus mis van babageboortes en ons studentedogter se noodkrete mis. Jy betaal peperduur vir meer as een internet verskaffer, want almal se kwaliteitdiens is ewe wisselvallig.

Goete wat ek sal mis: Smousgoed koop deur die venster

Menigte middag sit jy in sweet vasgeplak aan die moutersitplek, vasgevang met honderde ander in verkeer. Die voordeel is dat jy sommer so deur die moutervenster inkopies kan doen. Toilet papier, varsgebakte brood, geroosterde grondbone, vars vrugte en groente, wasgoedseep - noem maar op.

Vriendelikheid

Die deursnit Ghanese kom min in aanraking met uitlanders. Wanneer jy dus skielik by 'n verlate boswinkeltjie stilhou, is hulle oorval met skok en agterdog. Ons Engels val hulle vreemd op die oor en mens moet jousef herhaal, arms swaai en beduie wat jy wil aankoop. Wees geduldig en werk 'n grappie iewers in, dan word jy beloon met die grootste wittand glimlag, die items word met sorg verpak en selfs na jou mouterkar aangedra.

Skatte in die mark

Akkra se middestad is een kookpot van straatsmouse met stalletjies ingeryg soos krale. Hier koop jy van 'n garedraad tot 'n dooie polisieman. As buiteperd kan jy maklik verdwaal, tussenin kibbel jy oor pryse, dis bloediglik warm en almal stamp en stoot aan mekaar. Maar Boeta; as jy tydsaam en geduldig jou oë oophou, kan jy letterlik skatte uitkrap! Van egte silwer teepotjies tot MAC grimeerstelle, leerstewels, kosbare Singer-naaimasjiene, enorme visnette, ragfyn geborduurde tafeldoeke en die nuutste klankstelsels. **Afrika se kleure**

Kyk, Afrika is nie bang vir kleur nie. Die helder wax-kleurlap is die mooiste bont kleur en patrone – waarvan ek koop-en-koop. 'n Ewige somer, sesuur saans se vlermuivlugte, sonsaktyd se helder kleure van soet pynappel en ryp mango's maak my dolgelukkig.

Natuurlik is daar soveel meer goeie herinneringe wat ons sal koester, goeie vriende wat ons agterlaat, Ghana is vir ewig in my hart ingeëts. Vir eers roep Namibië soos jakkals laataand na sy maat.

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com



SLEGTE SPYSVERTERING

'n Plaaslike kunstenaar het 'n eenmanuitstalling gehou en het in die galery rondgestap om te hoor wat mense van sy skilderye dink.

'n Bejaarde dame het lank gestaan voor 'n doek wat met groot hale pers en grys verf bedek was, met geel kolle en hier en daar 'n lemmetjiegroen streep.

Die kunstenaar het na haar oorgestap: "Wat dink u daarvan?"

"Wel, ek is bevrees ek verstaan dit nie," het sy geantwoord. "Wat is dit veronderstel om te wees?"

"Dame," het hy uit die hoogte gesê, "ek skilder net wat binne-in my is."

"O," het sy gesê. "Het jy al Eno's of Rennies probeer?"

GEBOORTE

'n Engelssprekende vrou gee geboorte. Sy vra die blonde Afrikaanse suster aan diens:

"Is it a boy?"

Suster: "Nee, mevrou, dit is 'n wit kind."

KAAPSE TAXI

'n Baie vroom Moslem klim in 'n Kaapse minibus-taxi en vra die bestuurder om asseblief die radio af te sit.

Volgens sy geloof mag hy nie musiek hoor nie. In die tyd van die profeet was daar geen musiek nie. Veral nie Westerse musiek nie en geen radio's nie - dis vir die ongelowiges.

Die bestuurder skakel toe die radio beleefd af, stop die taxi en maak die deur oop.

"Hei, wat maak jy nou?" vra die Moslem.

Die bestuurder antwoord:

"Lyste', innie tyd vannie profeet was daar nie taxi's nie, ve'staa' djy? So kry djou gat yt my taxi yt en dan staa' en wag djy vir 'n fokkin kameel!"

PYLE IN DIE PAD

Die motor was besig om in 'n eenrigtingstraat teen die verkeer te slinger toe 'n spietkop hom aftrek.

Dit was duidelik dat die bestuurder 'n hele paar glase van die verkeerde soort verversings agter die blad het.

"Meneer, wat maak jy? Weet jy dis 'n eenrigtingstraat?"

"Nee, offisier. Ek's vreemd hier, ek weet nie watter soort straat dit is nie - hik-."

"Het jy nie eers die pyle gesien nie?"

"Pyle? Pyle? Jinne offisier, van watter pyle praat jy? Ek het nie eers die Indiane gesien nie!"

KENNISGEWING IN RESTAURANT

**Ons is lief vir kinders, maar hou hulle asb. by jou tafel.
Kinders wat rondloop sal 'n skoot Espresso en 'n babahondjie present kry.**

ANDY CAPP deur Smythe



Uit die Wakis

Stories vir die vaak

Goue reëls vir mans se optrede

1. Moenie die kelner moeilikheid gee as die kombuis opgeneuk het nie. En los altyd 'n fooi, want dis waarvoor hulle werk. As die diens nie 'n fooi werd is nie, sê so. Maar moenie jou fooi weerhou en wegsluip soos 'n doos nie.
2. Dis slegs oukei om onder die volgende omstandighede te huil: Ná 'n rugbywedstryd; as iemand in jou nuwe kar vasgery het of as jou hond doodgegaan het.
3. 'n Man hou altyd volle oogkontak wanneer hy praat met 'n vrou wat haar mooiplooi wys. Hy mag wel vinnig loer wanneer sy wegkyk.
4. 'n Man kla nie oor die soort bier wat 'n pel vir hom aanbied nie.
5. 'n Man poep nie voor ander mense nie. Tensy daar 'n hond naby is op wie hy dit kan blameer.
6. Jy kyk nie na 'n ander ou se meneer by die krippe nie – nóóit.
7. As jy op jou selfoon praat, hoef jy nie harder te praat omdat die ou in 'n ander dorp is nie. Njannies!
8. Gepraat van selfone: As jy saam met pelle kuier en iemand bel jou om twak te praat, sê hom jy bel later terug. Tensy die ou wat bel jou uitnooi op 'n volopbetaalde jagsafari met Russiese paaldansers.
9. Mans ry nie lemmetjiegroen, pienk, babablou of geel karre nie. Swart is al klaar erg genoeg.
10. Mans gaan kyk nie na ballet of ysskaats nie. Behalwe as jy dit doen met 'n goeie rede – soos om 'n vrou te beïndruk en later te score; of as jy erg aangejaag het en weer in haar goeie boekies moet kom.
11. 'n Regte man bel nie die AA of BMW-On-Call voordat hy nie ten minste sy kar se kap opgemaak het, aan 'n paar goed gepeuter het en kopskuddend gefluit het nie.
12. Hy ry ook nie verby 'n vrou wie se motor 'n pap wiel het nie. Veral nie as sy mooi is nie.
13. 'n Man weet dat jy nie oor 'n voertuig kan “beheer verloor” nie – jy gooi hom self om omdat jy droogmaak.
14. As jy 'n snaakse haarstyl wil dra, aanvaar dat ouens jou gaan spot. Tensy jy 'n bekende rugbyspeler is. Dan sny almal volgende week hulle hare soos joune.
15. 'n Regte man kan meer soorte kos maak as vleisbraai en dronkgat potjies.
16. As jy 'n ander man wil moer, moer hom. Moet hom nie met die vinger op die bors druk soos 'n houtwerkonderwyser nie. En wees bereid om die gevolge te dra.
17. 'n Man mag nie een sekonde langer met 'n fietsrybroek in die openbaar rondloop as wat absoluut noodsaaklik is nie.
18. 'n Vloekwoord op die regte tyd is soos sout op 'n tamatie. As jy te veel vloek, verloor dit sy fokken effek!

Harry, die Christen-terroris

Deur **LAPPE LAUBSCHER**

Nou die aand word die storie my om 'n etenstafel vertel. 'n Groep van my dogter en haar man se vriende, 'n jonger geslag, het my verduidelik hoe hulle die bosoerlog beleef het. Die oorlog wat ons geslag geglo het ons veg om 'n Christelike beskawing in suider Afrika te behou.

Chappie het vertel van die avonture van 'n gay in die oorlog. Sy eie storie. Die humor en die intense hartseer.

En toe dop hierdie verhaal uit. 'n Ware verhaal. Die verhaal van 'n kapelaan op die grens. Ek gaan hom Sebastiaan noem.

Sebastiaan het gaan teologie swot omdat hy geglo het die Heilige Gees het hom geroep. Aan die einde van sy studies het hy sy oproepinstruksies ontvang. Hy sou as kapelaan twee jaar militêre diensplig moes kom verrig.

Sebastiaan de Lange was opgewonde oor die geleentheid. Hy sou daar wees om te ondersteun en te bemoedig. Hy sou in die voorste linie met die Bybel onder sy arm wees. So het hy gedroom.

Die werklikheid was anders. Daar was kerkparades. Daar was ook drinkparades. Daar was gewondes wat hy moed moes in praat. Daar was ook dié wat gesneuwel het. Vir hulle ouers moes hy briewe skryf.

"Jou seun was dapper. Hy was 'n leier en voorbeeld vir sy kamerade. Julle kan trots wees op hom. Hy het sy lewe vir sy land en sy God gegee." So het hy geskryf.

Sebastiaan het begin wonder oor die betekenis van alles.

En toe een dag toe Sebastiaan nog so lê en wonder storm 'n medic sonder om te vra sy tent binne.

"Luitenant daar is 'n terroris onder daai boom daar buite. Ons het hom vodde geskiet, maar hy leef nog. Ek dink hy yl. Hy vra hy wil met 'n predikant praat. 'n Afrikaanse predikant."

Sebastiaan neem instinktief sy Bybel en stap na die boom wat die medic vir hom uitgewys het. Toe hy by die man kom kneel hy langs hom.

Hy besef die terroris is 'n Ovambo.

"My naaam is Harry. Ek wou graag help om my land te bevry. Maar nou gaan ek sterf. Ek wil asseblief nog een keer Psalm 23 in Afrikaans hoor," prewel hy.

Sebastiaan lees. "n Psalm van Dawid. Die Here is my herder; niks sal my ontbreek nie. Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen; Hy lei my in die spore van geregrigheid, om sy naams ontwil. Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my..."

Harry sug hard en toe val sy kop terug. Sebastiaan sug, hou op met lees, staan op, loop weg, weg na 'n wêreld wat niemand hom ooit van vertel het nie.

Om die tafel sug ons. En drink toe 'n glasie op Harry. Harry, die Christen-terroris.

LANG GEHEUES

Jannie, Manie en Koos stry wie kan die verste terug onthou.

Jannie: "Ek onthou nog my eerste verjaardag soos gister. Ons het 'n groot tjoklitkoek opgeëet daai dag."

Manie: "Aag, dis niks. Ek onthou nog my geboorte. Pa het gesê: 'Druk Ounooi, daar kom hy!'"

Koos: "Aag, dis niks. Ek onthou 'n piekniek, baie jare terug. Ma sê dit was die lekkerste piekniek in haar hele lewe. Ek onthou nie die hele piekniek so goed nie, maar wel dat ek het saam met Pa piekniek toe gegaan het en saam met Ma teruggekome het."

VLEIS

Op Potchefstroom was daar glo toentertyd 'n baie bekende dominee Worst.

Op 'n dag keer 'n verkeersman hom voor vir vinnig ry, en die dominee is baie ontsteld.

"Jong man, weet jy wie ek is? Ek is Worst van Potchefstroom!"

Seg die Spietkop toe glo: "Ek gee nie om of jy polony van Benoni is nie, jy't te vinnig gery en hier's jou kaartjie!"

'n Mens leef net een keer.
Maar as jy dit reg doen, is
een keer genoeg.

Twee besoekers uit die buitenste ruim land in die Arizona-woestyn by 'n vulstasie wat vir die nag gesluit het.

Hulle stap na en van die petrolpompe en sê: "Vat ons na jou leier, ons wil hom ontmoet."



Die petrolpomp het natuurlik nie geantwoord nie.

Die jongste besoeker het hom bloedig vererg hieroor, maar die ouer een het hom tot kalmte gemaak.

Die jongste een het hom vernontagsaam en die pomp weer gegroet. Geen antwoord. Toe ruk hy sy straalgeweer uit: "Gegroet, Aardbewoner! Ons kom in vrede. Neem ons na jou leier, of ek skiet!"

"Moenie dit doen nie," het die ouer een gesê. "Ek dink hy sal sy moer strip as jy skiet."

"Bog!" sê sy maat, en trek 'n skoot af.

Daar is 'n geweldige ontploffing. 'n Massiewe slag het hom van sy voete geruk en 'n brandende vuurbal het op hom afgerol en hom in 'n brandende, rokende gemors 200 meter ver in 'n kaktusbos gegooi.

'n Halfuur later het hy sy bewussyn herwin, sy drie oë gefokus, sy gebuigde antenna reguit gemaak en opgekyk na die ouer wese, wat oor hom gestaan en sy groot, groen kop geskud het.

"Wat 'n woestaard!" het die jonge gesê. "Hy het my amper vermoor! Hoe het jy geweet hy kan so gevaarlik wees?"

Die ouer een het oor sy vriend gebuig en sy een voeler op hom geplaas. "Wel, as daar een ding is wat ek op ons intermelkwegreise geleer het, is dit dat jy nie sukkel met 'n man wat sy stingel oor sy skouer kan gooi en die punt dan in sy oor druk nie."

Ligloop vir hierdie tawwe antie!



Die juffrou se opdrag aan die klas was dat hul ouers aan hulle 'n storie moet vertel wat met 'n morele les eindig.

Die volgende dag vertel hulle een na die ander hul stories.

Dit was die gewone goed: Melk wat gestort word, pennies wat gespaar word. Sy het Jannie as 'n groot stouterd geken, en daarom het hy heel laaste aan die beurt gekom.

"Juffrou, my pa my 'n storie oor my ma vertel. Sy was 'n lugmagvlieënier in Operasie Desert Storm en haar vliegtuig is raakgeskiet.

"Sy het met haar valskerm oor vyandige gebied uitgespring. Sy het net 'n fles whiskey, 'n pistool en 'n mes gehad.

"Op pad af het sy die whiskey gedrink sodat die bottel nie sal breek nie. Sy land toe met haar valskerm in die middel van 20 Irakese troepe.

"Sy het 15 van hulle doodgeskiet totdat haar patrone opgeraak het en nog vier met haar mes doodgesteek voordat die lem gebreek het.

"Die laaste een het sy met haar kaal hande vermoor."

"Hygend hert!" het die juffrou uitgeroep.

"En wat het jou pa gesê is die morele les in hierdie aaklige storie?"

Jannie: "Die les is: Moenie met mammie sukkel as sy gesuip is nie!"



Stamboom

ONSDORP se afdeling vir familiesoekers

Hierdie maand se vanne:

Gerwel tgg@telkomsa.net

Somerset-Oos -9 JUNIE 1983

Ebersohn ebersonh.wessel@gmail.com

Kontak my asb met enige geskiedenis oor Ebersohn familie. Spesifiek opsoek na familie skild. My pa was Wessel Johannes Ebersohn, seun van Wessel Johannes Ebersohn seun van Hendrik Marthinus Ebersohn. Dankie,

Van den Heever / Scholtz / Fourie / van der Schyff

veronicavdh0@gmail.com

Ek is kleindogter van Jan Adriaan Jacobus van den Heever (1905-1962) & Hester Isabella Scholtz (1910-1965) wat in Ventersdorp gebly het. Aan moeders kant, die kleindogter van Nicolas Jacobus Fourie (1918-1981) en Sopha Christiana van der Schyff (1930-2004). Aan vaderskant, besig met verifikasie van van den Heever en Scholtz genelogie, maar aan moederskant is daar nog baie gate wat gevul moet word.

Nog vanne wat ingekom het:

Gaan na www.onsdorp.com/stamboom en kyk uit vir jou eie van.

SLIM JANNIE

Klein Jannie en sy gesin eet Sondagmiddag by ouma. Toe almal gaan sit, begin ouma die kos opskep.

Toe Jannie sy bord kos ontvang, begin hy dadelik eet.

"Jannie, nee!" sê sy ma. "Wag asseblief tot ons gebid het."

"Ek hoef nie," sê hy dadelik.

"Natuurlik moet jy!" stry sy ma. "Ons bid altyd voor ons by die huis eet."

"Ja, maar dis by ons huis," verduidelik Jannie. "Hierdie huis is Ouma s'n en sy weet hoe om te kook."

Ek en my baas

As ek lank besig is met my werk, is ek OUD of STADIG.

As my baas lank besig is, is hy DEEGLIK.

As ek nie iets wil doen nie, is ek LUI.

As my baas nie iets wil doen nie, is hy te BESIG.

As ek iets uit my eie doen, is ek WINDGAT.

As my baas iets uit sy eie doen, gebruik hy INISIATIEF.

Wanneer ek by my besluit volstaan, is ek HARDEGAT.

Wanneer my baas by sy besluit volstaan, is hy FERM.

As ek my baas gelukkig maak KRUIP EK GAT.

As hy sy baas gelukkig maak gee hy sy SAMEWERKING.

As ek in my werk vooruitgaan is ek die baas se WITBROODJIE.

As my baas in sy werk vooruitgaan is hy HARDWERKEND.

As ek die reëls nie nakom nie, VAT EK KANSE.

As my baas die reëls nie nakom nie is HY OORSPRONKLIK.

As ek siek is, is ek DRONK.

As my baas dronk is, is hy SIEK.

Het julle ook sulke base gehad?

Party mense het 'n skroefie of twee los. By ander ontbreek die hele gereedskapkis soms.

AGTEROS

Net voor uitspantyd



"Hierie sy hier, ek dink hierie sy kom van die ou kafee hier in die dorp af – die Sonskyn Kafee."

Deur **DANA SNYMAN**

HENDRIK SEPTEMBER beduie na die donkiekarretjie wat langs die hoenderhok voor sy sinkkaia op Van Wyksvlei skuins op sy disselboom rus. "Ek't hom self gebou, Meneer," sê hy. "Met hierie eige twee hande van my."

Ons stap nader, ek en Hendrik, met 'n maer hond op ons hakke. In die koeltetjie onder die karretjie skrop twee kapokkies in die stof. Die karretjie is 'n dapper sameflansing van onderdele. 'n Donkiekar, vir mense wat nie weet nie, bestaan uit agt dele: die wiele, die as en vere, die vloer, die sye, die bankie, die splêshbord (die deel waarteen passasiers op die bankie se voete rus), en die disselboom.

"Waar kry jy al die goed?" vra ek.

"Die rims het ek by 'n outjie op Copperton gekry," sê Hendrik en beduie na die wiele. "Dis 'n Opel-goed s'n wat geverongeluk het. Die bande kom van Jantjie Bruinders van Swartkop af, ek weet nie waar't hy dit gekry nie."

Iemand moes hulle weggegooi het, want hulle is voos, daardie twee bande.

"En die vere?" vra ek. "Waar kry jy hulle?"

"Hierie vere, Meneer, hierie vere was oempie Klaas Louw s'n, maar toe's hy mos oorlede, oempie Klaas. Toe sê ou ta' Siena ek moet hulle maar kom vat, sy kan tog niks met hulle maak nie."

Uit die rigting van die kaia kom 'n ou man en ou vrou gestap, krom agter hul kierietjies aan. Oor die oopte kom drie kinders gedraf. Die ou man het Grasshoppers aan, en die Grasshoppers was dalk grys voordat hierdie ruwe stuk wêreld hulle beetgehad het.

Dis iets waaraan ek my knaend verwonder: 'n landskap se invloed op sy inwoners se skoene. Skoene in hierdie omtes raak anders oud as sê maar Laeveldse skoene, of Mosselbaaise skoene, of Vrystaatse skoene.

Die ou man en vrou en die kinders kom staan by my en Hendrik. Op een van die kinders se borskas loer 'n Mickey Mouse tussen vuil kolle deur. "Hi folks!" staan dof bokant dit geskryf. Hulle sê niks nie, die ou man, die vrou en die kinders. Amper asof hulle getuies vir Hendrik is, staan hulle en luister.

"Hierie sinkplaat-goed hier onner, hy kom van Brandvlei af." Hy tik 'n kneukelrige vinger op die karretjie se agterkant. "Op Brandvlei is 'n plek by name Rondomlelik. Ek't hom daar loop optel, hierie sinkietjie, by Rondomlelik. Ek dink die kinnners-goed het met hom pophuis gespeel. Vroeër, miskien, was hy 'n 'n gedeelte van 'n plaasdam of 'n windpomp se stert of 'n ding."

Hendrik vryf oor die karretjie se regtersy. "Hierie sy hier, ek dink hierie sy kom van die ou kafee hier in die dorp af – die Sonskyn Kafee. Hy was een van die bordens daar." Dof op die sy staan: Sonsk.

"Die regtersy, Meneer. Hy't ek op Calvinia op die ashoop opgetel. Miskien was dit 'n deur-goed of 'n ding." Hy wys na die bankie. "En hierie plank hier was 'n ou kasing van my wat gebreek het, toe's hy stukkend. Maar hy't gebreek asof hy moes, Meneer, want toe vat ek hom en saag hom bietjie en kom maak van hom 'n sitplek vir hierie kar van my."

Langs my knik die ou man en vrou plegtig. Dis alles waar, dis so. Hulle het met hul eie oë gesien hoe word hierdie Hendrik September se daad van geloof stukkie vir stukkie 'n donkiekar hier op Van Wyksvlei.

KLIK HIER VIR KAMMANUUS EKSTRA
www.onsdorp.com/ekstra.html

**KAMMANUUS VERSKYN
 WEER OP 21 MEI 2018**